Sondag 17 September 2023 Nagmaal - Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Ps. 147-1:1-3 (Melodie – Laat voor die Heer 'n lofsang rys! PK de Villiers)
Geloofsbelydenis – 12 Artikels
Opsomming van die Wet: Matt. 26:36-40 (83 AV)
My liefde vir God en my naaste?
Gesamentlike gebed: SB 10-2:1
Kinderkerk
Lied 478:1-2
Skriflesing: Rom. 3:21-26, Fil. 2:6-8 (83 AV)
Kernverse: Rom. 3:23-24 (83 AV)
Tema: Genade is peperduur én verniet!
Preek
Gebed
Nagmaal formulier (verkort)
Ps. 23-1:3 terwyl die tafel gereed gemaak word.
Bedien die nagmaal: Ef. 2:1-10, Lied 510:1-4
Dankoffer vir barmhartigheid
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

**Preekskets:**
**Tema: Genade is peperduur én verniet!**
**Inleiding**
**A: Genade is peperduur**

1. Fil. 2:6-7: *Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word*.
2. Fil. 2:7-8: *En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder*.
3. Fil. 2:8: *Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis*.
   a. Die peperduur prys wat Jesus betaal het.
4. Die peperduur prys wat ons Vader betaal het.
5. Dit is die prys wat dit God-Drie-Enig gekos het, sodat jy genade kan ontvang!

**B: Genade is verniet**

1. Baie mense verstaan nie genade mooi nie.
   a. Rom. 3:24: Ons word sonder dat ons dit verdien, op grond van God se genade vrygespreek.
   b. Ef. 2:8-9: *Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie*.
   c. Rom. 6:23: *Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here*.
2. Alhoewel genade God peperduur gekos het, deel Hy dit verniet uit!

3. God sê dit nie net nie - Hy wys ook hierdie genade van Hom reg deur die Bybel vir sondaarmense wat dit glad nie verdien nie.
4. Dis hoe God se genade is!

**C: Wat moet ons doen met God se genade?**

1. Ons moet God se genade mooi verstaan.
2. Ons moet God se genade ervaar.
3. Ons moet oor God se genade praat.
4. Ons moet uit dankbaarheid vir God se genade gehoorsaam wees.